*PJ Strauss*

# NOGEENS: WATTER KERK VERGESÉL DIE GROOT TREK?


## ABSTRACT

### YET AGAIN: WHICH CHURCH ACCOMPANIED THE GREAT TREK?

It is sometimes argued that the Great Trek of 1835-1840 removed its participants from the Cape Colony, under British control, thereby also taking them out of the congregations of the Dutch Reformed Church (DRC) based in the Cape. The argument further goes that the church which accompanied the Great Trek was a church independent of the DRC.

In this article, documents and arguments show that the church on the Great Trek was indeed the DRC. This is shown by the name used for the church in transit, by the religious customs of the members of this church, and by the relationships of individuals with DRC congregations in the colony.

Congregations outside the Transvaal, which were founded by the Trekkers, had no problems to become part of the DRC Synod of the Cape. Before they left the Cape Colony, some Trekkers were members of congregations of this selfsame DRC Synod.


*PJ Strauss, Departement Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: straussp@ufs.ac.za.*

*Acta Theologica*
*2011 31(2): 264-277*
*doi: http://dx.doi.org/10.4314/actat.v31i2.13*
*ISSN 1015-8758*
*© UV/UFS*
*<http://www.uovs.ac.za/ActaTheologica>*

# 1. INLEIDING

Die vraag na watter kerk die kerk op die trekpad of die kerk tydens die Groot Trek[1] van 1835-1840 (Strauss 1994:93)[2] was, hou akademici steeds besig. Daarvoor is daar hoofsaaklik twee redes. Eerstens spruit hierdie onduidelikheid moontlik uit die benamings wat 'n eerstehandse betrokkene of 'n oor- en ooggetuie, eerwaarde Erasmus Smit, tydens die Trek in sy dagboek van die Trek, gebruik het. Naas ander name praat hy byvoorbeeld van die *"reizende gemeente der Gereformeerde Kerk naar Port Natal"*. Smit word op 21 Mei 1837 op De Houtplaas[3], enkele kilometers suidwes van die huidige Winburg, as die eerste voltydse predikant onder die Trekkers bevestig (Preller 1920:98, 142).

Hoe "vry" Smit in sy aanwending van name vir hierdie kerk was, blyk uit sy bewoordings op ander plekke in sy dagboek. Onder Sondag 11 Junie 1837 skryf hy oor die bykomende eed wat Piet Retief, as die goewerneur van die Trekkers, op Smit se aandrang op 11 Junie tydens hulle verblyf by die Vetrivier by Winburg afgelê het. Hierin belowe Retief om die "*Catehechismus en Geloofsbelijdenis van onze Christelike Gereformeerde Nederduitse Kerk*" en dié kerk as "*de in de woestijn bijeenverzamelde Gereformeerde Kerk-gemeente*" te beskerm en te handhaaf (Preller 1920:107).

Terwyl sy Nederlands reeds spore van verafrikaansing vertoon, gebruik Smit die woord *"woestijn"* hier waarskynlik vir iets anders as die wintervaal Vrystaatse vlaktes. Vir hom was die woestyn moontlik die relatief onbekende, onveilige binneland waardeur die Trek nou beweeg het. Op die eindpunt van die Trek en die Trekkers se naam vir hulle nuwe land is daar in 1837 reeds by De Houtplaas besluit. Hulle wou na die land rondom Port Natal (nou Durban) trek. 'n Land wat hulle op 4 Junie 1837 tydens 'n volksvergadering gedoop

1 Die naam "Goot Trek" dateer uit die 1870's en dui eerder op die impak as die getalle van die trek. In die 1830's is daar vrylik na die Trekkers as "Emigrante-Boere" verwys (Du Bruyn 1986:127).

2 Vgl Storm 1989 se "Die Voortrekkerkerk 1836-1853" wat daarmee 'n kerklike lyn vanaf die kerk op die trekpad tot by die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1853 as 'n "onafhanklike" kerk wil trek. 'n Poging wat dit in die sentrum van die aktualiteit van hierdie artikel plaas.

3 Teen die rant op De Houtplaas staan daar met wit klippe die datum 1837 gepak. Dit is langs die huidige N1 en Bellspas net buite Winburg. Hier is Erasmus Smit en Piet Retief in Mei-Junie 1837 as onderskeidelik predikant en goewerneur bevestig of ingehuldig. Die Vetrivier-"grondwet" van die Voortrekkermaatskappy van 1837 met sy 9 bepalings is ook hier aanvaar (Pretorius, Kruger en Beyers 1937: 15-16). Hier het dr DF Malan 'n honderd jaar later, met die herdenking van 1837 in 1937, die eerste keer sy gevleuelde woorde: "Glo in God, glo in u volk, glo in uself!" gebruik (Pienaar 1964: 234-238).

het as *De Vrije Provincie van Nieuw Holland in Zuid Oost Afrika* (Preller 1920:102).

Die omstandighede of wêreld van die reisende gemeente sou dus anders daar uitsien as van die van die gemeentes in die Kaapkolonie wat hulle sopas verlaat het. Behalwe dat die kerk op die trekpad "*reizend*" was, het sy staatkundige "*Umwelt*" skerp van die van die gevestigde NGK-gemeentes in die Kaapkolonie verskil. Anders as die koloniste was die Trekkerlidmate 'n kerk én 'n burgerlike gemeenskap[4] wat na politieke onafhanklikheid en vryheid gesoek het (vgl Van der Watt 1977:3-8).

Hierdie "*Umwelt*" laat sommige skrywers anders dink oor die kerk op die trekpad as daardie kerk – by die Kaapse Sinode van 1842 is doelbewus en amptelik vir die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk" gekies (Van der Watt 1980:43; vgl Dreyer 1999:83) – wat in die Kaapkolonie agtergebly het.

Die tweede rede vir die debat oor watter kerk daar tydens die Groot Trek op die trekpad was, spruit uit die bewering van sommige kerkhistorici dat die Trek "die Voortrekkers buite die struktuur van die kolonie en die kerk geplaas het". Volgens Storm wou hulle nie 'n nuwe of andersoortige kerk stig nie, maar bloot "'n selfstandige, onafhanklike kerk, los van Kaaps-Britse invloede…" (Storm 1989:xii, 33). Die selfstandige organisering van so 'n kerk het dus primêr uit 'n kultuurpolitieke motief gespruit. Dit was nie 'n "natuurlike" kerkregtelike ontwikkeling wat tot 'n nuwe vorm van eenheid of 'n nuwe kerkverband (met die moontlikhede slegs sinodaal of federaal) met twee "selfstandige" bene in 'n "andersoortige" staatkundige konteks gelei het nie. Storm toon nie konkreet aan waaruit sy geïmpliseerde een en dieselfde kerk met twee "selfstandige, nie-andersoortige" sinodale verbande of strukture bestaan het nie. Anders gestel: die Trek wat sy deelnemers buite die staatsgrense sou voer waarbinne hulle eertydse gemeentes of kerk gefunksioneer het, het hulle daarmee, aldus

4 Die Trekkers word beskou as 'n teokratiese verbondsgemeenskap waarin almal aan dieselfde kerk behoort en tegelykertyd die burgers van die betrokke staat of Voortrekkergemeenskap uitmaak. Almal is belydende of dooplidmate van dieselfde kerk en burgers van dieselfde staat wat na die regering van God-Drieënig deur sy Woord in die kerk en die staat soek. Die Vetrivierreëlings van Junie 1837 waarna hier verwys word, begin byvoorbeeld in artikel 1 met die uitdrukking *"wij gerefformeerde Leedemaaten"* in 'n staatkundige dokument. Daarby lê goewerneur Retief op 11 Junie 1837 voor die gemeente 'n eed af waarin hy as staatshoof belowe om die "*reizende kerk*" aan die hand van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te beskerm en te handhaaf. Die agtergrond hiervan is die Nederlandse tradisie van 'n teokratiese verbondsgemeenskap wat teruggevoer kan word na Calvyn en sy Genevé van die 16e eeu (vgl Pont AD 1991, 286-289). Teen hierdie agtergrond kon die hele Wenkommando in Desember 1838 sy bekende Gelofte aan die Here aflê. Hulle was as burgers van die Trekkermaatskappy immers ook almal belydende gelowiges en kerklidmate (Strauss 2001: 814-834).

Storm, ook buite die strukture of grense van hulle kerk gevoer. Kerkgrense word dus aan staatkundige grense gekoppel sonder om die eie aard van kerk en staat in onderskeiding van mekaar prinsipieel te bepaal[5].

Daarom is die afsluitingsdatum van Storm se werk 1853 of die jaar waarin die Algemene Kerkvergadering van die "*reizende*" gereformeerde kerk in die ou Transvaal of Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) reeds by sy bestemming was en binne die staatsgrense van die nuwe ZAR 'n nuwe selfstandige of onafhanklike kerklike pad gekies het. 'n Pad wat van hom die stamvader (moeder?) van die huidige Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika maak. 'n Stamvader wat, soos sy afstammeling, kerkregtelik sy eie pad loop en sy eie kerkverband met sy eie naam vorm (Storm 1989:131-132)[6].

Vir Storm vorm die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1853-2011) die "wettige" opvolger van die kerk op die Trekpad of, in sy eie woorde, die Voortrekkerkerk. Die Trekkerlidmate in die Vrystaat en Natal wat via hulle nuwe gemeentes sou voortgaan om by die Ned Geref Kerk van Suid-Afrika (Kaapse Sinode) in te skakel, word klaarblyklik hiervan uitgesluit. Hy trek egter nie die trou van hierdie lidmate aan die politieke vryheidsideaal van die Trekkers sig- of tasbaar in twyfel nie. Daarby laat hy na om op die vraag in te gaan of hulle strukturele kerklike verbintenis met die Ned Geref Kerk in die destydse (Britse) Kaapkolonie in enige praktiese opsig belemmerend op hulle soeke na politieke vryheid ingewerk het. In die geval van die Vrystaat en die Vrystaatse Republiek wat slegs 2 jaar na die ZAR, op 23 Februarie 1854, ontstaan (Oberholster, Van Schoor & Maree 1954:18), is daar nie sulke voorbeelde aan my bekend nie.

Die name wat Erasmus Smit vir die "*reizende*" kerk van 1835-1840 gebruik, sowel as die argument van Storm dat die emigrasie van hierdie tyd sy deelnemers buite die grense van die destydse Kaapkolonie en die Ned Geref Kerk geplaas het, maak 'n ondersoek na die vraag na watter kerk die

5 Van der Watt 1973 toon aan hoe hierdie uitgangspunt vreemd is aan die kerk as 'n geloofsinstelling wat primêr om belydenis- of geloofsredes verenig. Die trefwydte van kerklike belydenisse kan nie beperk word deur staatkundige grense nie. Van der Watt behandel die Loedolffsaak van 1862 waarvan die gevolge vir die NG Kerk eers 'n honderd jaar later in 1962 finaal gekelder is. In hierdie jaar kies die eerste Algemene Sinode net vir die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk", sonder enige geografiese agtervoegsel (Van der Watt 1973:164).

6 In 2010 keur die Algemene Kerkvergadering 'n voorstel goed waardeur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Ned Geref Kerk as twee kerkverbande funksioneer wat mekaar se lidmate by wyse van attestaat erken en toelaat tot die sakramente en as lidmate van gemeentes en mekaar se predikante oor en weer kan beroep (Ned Herv Kerk 2010, Agenda Algemene Kerkvergadering. Sl:sn, 365). Die feit dat so 'n besluit nodig was, dui op twee kerke én hulle gestaltes van eenheid. 'n Saak waarby Storm nie uitkom nie.

Groot Trek meegemaak het, opnuut belangrik. Veral omdat Storm die mening huldig dat daar onder kerkhistorici geen eenstemmigheid hieroor is nie en dat "byna elkeen 'n eie siening" oor dié tydperk huldig (1989:xiii).

Die ondersoek gaan oor drie sake wat lig op die probleem kan werp: die naam van die "*reizende*" kerk, sy gebruike of praktiese kerklike lewe en sy verhouding met gemeentes en die sinode van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Kerk), soos die betrokke kerk homself sedert 1842 amptelik genoem het.

## 2. DIE NAAM VAN DIE KERK OP DIE TREKPAD

Op Erasmus Smit se neiging om verskillende name vir die "*reizende*" kerk tydens die Groot Trek te gebruik, is reeds gewys. Tog kom daar duidelike tendense wat die naam betref, uit sy dagboek na vore.

Smit gebruik graag die naam "gereformeerd". Onder Sondag 30 April 1837 maak hy gewag van die verhindering van "*onze Gereformeerde Godsdienstoefening*" in die laer van Retief deur die aanwesigheid en preeklus van die "*Remonstrantsgezinde Wesleyaanse zendeling*" van Thaba Nchu, James Archbell. Smit se kontrastering van "gereformeerd" en "Remonstrants" is sprekend en laat geen onduidelikheid oor waar sy eie simpatie lê nie (Preller 1920:95). Hierteenoor kom die benaming "hervormd" net een keer by Smit voor as hy dit as 'n sinoniem vir "gereformeerd" gebruik. Onder 11 Junie 1837 praat hy van die Nederlandse Geloofsbelydenis as die "*Hervormde Gereformeerde Nederduitse Geloofsbelijdenis*" (Preller 1920:105). Sy verwysing na die Remonstrantse agtergrond van Archbell, sy kennis van die stryd oor die uitverkiesing wat sou uitloop op die Dordtse Leerreëls en sy herhaalde gebruik van die uitdrukking "gereformeerd" versterk die indruk dat Smit "gereformeerd" meer verkieslik vind. Later in hierdie stuk word aangetoon dat die term "hervormd" nie vreemd aan die destydse kerk en Smit was nie. Hy het genoeg daarvan geweet om 'n ingeligte keuse te maak.

Smit maak ook ruimskoots van die uitdrukking "Nederduitse" gebruik. Op 7 Junie 1837 verklaar hy in sy dagboek dat die goewerneur in die *"Gereformeerde Nederduitse Kerk"* belydenis van sy geloof moet doen (Preller 1920:103). Onder 11 April 1837, met die bykomende eedaflegging van Piet Retief, praat Smit van die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis van "*onze Christelike Gereformeerde Nederduitse Kerk"* en die "*bijeenverzamelde Gereformeerde Kerkgemeente*" (Preller 1920:107). Wanneer Smit na kerkraadsaktiwiteite of sake soos belydenisaflegging verwys, gebruik hy die naam "*lidmaten onzer Nederduitse Gereformeerde Kerk*" (Preller 1920:154,159).

Smit gee ’n verbatumweergawe van die bykomende eed van Retief op Sondag 11 Junie voor die lidmate van die kerk wat ook die burgers van die Voortrekkermaatskappy uitmaak. Hierin onderneem die goewerneur om op grond van die bekende artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die Kategismus en liturgieë van die “*Nederduitse Gereformeerde Kerk*” te beskerm en niemand in die kerk[7] – of staatsregering aan stel wat nie ’n lidmaat van “*voormelde Gereformeerde Kerk*” is nie.

Nadat Retief sy bykomende eed afgelê het, het Smit hom voor almal toegespreek. Hierdie toesprakie is verbatim in Smit se dagboek opgeneem. Hy het immers self oor die geskrewe stuk beskik. Hierin praat Smit so nadruklik dat hy die kerk “*onze Christelike Gereformeerde Nederduitse Kerk*”(vgl vorige paragraaf) noem (Preller 1920:107).

Dit is duidelik dat Smit voor die naamgewing van die NG Kerk by die Kaapse Sinode van 1842 praat, maar ook dat hy breedweg by Nederduitse Gereformeerde Kerk en nie iets anders nie, bly. Dieselfde tendens, op enkele uitsonderings na, kom in dokumente rondom die Groot Trek voor.

Tydens dr Abraham Faure, aktuarius van die Kaapse Sinode, se besoek in 1843 aan die Boere in Natal word hy deur die ouderlinge en diakens van die “*Ned Gereformeerde Gemeente*” Pietermaritzburg in ’n brief verwelkom (afgedruk in Dreyer 1929:45). In sy verslag aan die sekretaris van die Kaapse Regering wat sy tog moontlik gemaak het, praat Faure ook van die “*Dutch Reformed Church*” en die “*Dutch emigrants*” in Natal. Faure sien as kerkregtelike of aktuarius dus geen probleem om die naam van die kerk soos in 1842 deur die Kaapse Sinode aanvaar net so op verwante gemeentes buite die kolonie toe te pas nie. Boonop praat hy van “*Dutch emigrants*”. Daarmee gee hy te kenne dat hierdie mense eenvoudig net vanuit die Kaapkolonie geëmigreer het en nie – soos deur die Kaapse Sinode van 1837 in sy herderlike brief oor die Trek beweer – teen die Britse bewind aan die Kaap en daarmee die 5e gebod, in opstand gekom het nie (Dreyer 1929:3,4,59-60; vgl Van der Watt 1977:49vv). Faure se besoek, sowel as die drie Kaapse kerklike deputasies wat die Trekkers in die binneland vanaf 1846 tot 1852 besoek het, dui op ’n amptelike verandering van die houding van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika teenoor die Groot Trek. Die deputasies en hulle werksaamhede was immers die gevolg van besluite van die Ring van Graaff-Reinet en die Kaapse Sinode (Van der Watt 1977:49-57).

7 Volgens die Ned Geref in Suid-Afrika of Kaapse Kerk se Wette en Bepalinge moes die owerheid die beroeping of verkiesing van alle ouderlinge, diakens en predikante goedkeur. Retief het dus eenvoudig met die aanwysing van kerklike ampsdraers die owerheidsfunksie soos begrepe in die gebruike aan die Kaap, op die trekpad oorgeneem (Van der Watt 1980:40).

In 'n brief van die Kommissie van die Ring van Graaff-Reinet aan die Emigrante Boere op 21 Oktober 1844, word die tendens om hulle as deel van die NG Kerk te sien, voortgesit. Die Trekkers word aangespreek as "*medeleden van onzer Nederduitsche Gereformeerde gemeenten welke ons dierbaar zijn*". Verder ag die Ring dit sy plig om aan die Trekkers 'n vaste leraar uit "*onze Nederduitsche Gereformeerde Kerk*" te voorsien. 'n Voorstel waarop die Trekkers met instemming sedert 1837 gereageer het (Dreyer 1929:77; vgl; 10-26; vgl Pretorius, Kruger & Beyers 1937:27vv).

Dat die amptelike aanvaarding van die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk" nie alle ander name wat as wisselterme voor 1842 gebruik is, in die algemene spreektaal vervang het nie, blyk uit die gebeure by die aanwysing van 'n kerkraad by die stigting van die gemeente Rietrivier (nou Fauresmith) in 1848. Hier praat die drie lede van die kommissie van die Kaapse NG Kerk wat by die stigting die leiding geneem het, naamlik dii A Murray, PK Albertyn en B Pienaar, in hulle verslag deurgaans van die "NH Kerk" (Dreyer 1929:92-94). Tog is Fauresmith in die Kaapse Sinode as gemeente opgeneem (Dreyer 1929:96vv). Hier is dus 'n verdere teken van die wisseltermgebruik van "hervormd" en "gereformeerd" voor 1842[8].

## 3. DIE GEBRUIKE VAN DIE KERK OP DIE TREKPAD

Die gebruike waaronder die kerkorde (op daardie stadium kerkwette genoem) en liturgieë van die *"reizende"* kerk was ook die van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika of – soos dit soms populêr genoem is – die Kaapse Kerk.

Op die hantering van die belydenisse van die kerk is reeds gewys. Wat die kerkorde betref, was die Kaapse Kerkwet in volle swang. Wanneer Sarel Cilliers sy posisie as moontlike voorganger by dienste en ander byeenkomste met die kerkraad van die "reizende" gemeente bespreek, geld die bepalinge van die Algemene Reglement van 1824 van die NG Kerk. Smit wys Cilliers daarop dat sy dienste as oefenaar (prediker met beperkte opdrag) en katkisasiemeester aan die hand van die vereistes van *"ons Kerkelik Reglement"* (let op die "ons"

8 Onder datum 3 Augustus 1818 skryf ds JC Berrange byvoorbeeld 'n brief namens die Kerkraad van die Nederduitsche Hervormde Gemeente Kaapstad. Hy rig dit aan die Nederduitsche Hervormde Gemeente te London. Onder die slot van hierdie brief word daar na die gemeente in London egter ook as die Nederduitsche Christelijke Hervormde Gemeente verwys. Kaapstad word in 1842 amptelik 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, terwyl daar van dieselfde name by Berrange gevind word as wat Erasmus Smit in sy dagboek gebruik het (Dreyer 1936:145-146). Kyk ook Kommissaris-politiek JA Truter se openingstoespraak by die Sinode van 1826. Hierin praat hy van die Algemene Kerkvergadering van "*de Hervormde Kerk aan dezen Uithoek*" (Dreyer 1936:280-281).

en die afbuiging na Afrikaans in Smit se spelling van *"Kerkelik"*) moontlik is (Preller 1920:165-166).

As liedereboek is die Evangeliese Gesange naas die Psalms gebruik. Op 6 Junie 1837 laat sing Smit uit "*onze Evangeliese kerkgezangen*" lied 69. By hierdie geleentheid spreek hy die priesterlike seënbede in Numeri 6:24-26, in die NG Kerk steeds 'n geykte bede, as seënbede uit:

> "Die Here sal julle seën en beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees. Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee" (Preller 1920:103; Nuwe Afrikaanse Vertaling).

Soos in elke NG Gemeente lê Smit ook 'n doopregister aan vir die *"Gereformeerde reizende Kerkgemeente"* (Preller 1920:142). Kerkraadslede word met die betrokke formulier van "*onze Nederduitse Gereformeerde Kerk"* bevestig (Preller 1920:152). Nuwe belydende lidmate in die "*reizende kerkgemeente*" word ook "aangeneem" ('n term wat vandag nog in die NG Kerk gebruik word, PJS) voordat hulle belydenis van geloof doen (Preller 1920:154,159).

As daar in hierdie situasie slegs van 'n oorname van die naam, kerkwette, formuliere en kerkliedere deur 'n selfstandige ander kerk sprake was, sou die *"reizende"* kerk – in Storm se terme – moontlik nog as selfstandig en onafhanklik kon deurgaan. Die leraar of Smit praat egter uitdruklik van "ons" reglement, formulier en liedere. Die gebruik van "ons" dui dus op 'n gemeensaamheid en 'n ervaring van eenheid met die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika.

Op die gebruik van Piet Retief as kommisaris-politiek wat die kerklike besluite en die aanwysing van ampsdraers – soos in die Kaap – moes goedkeur, is reeds gewys. Die Trekkers het die gebruike van die Kaapse Kerk voortgesit, maar die benoemde Engelse regeringskommisarisse eenvoudig met lede van hulle eie verkose regering vervang. Die kritiek dat die Britse regering deur die NG Kerk die politieke onafhanklikheid van die Trekkers kon bedreig, word weerlê deur die die feit dat die gemeentes van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat na 1854 deur die onafhanklike regering van die Oranje-Vrystaat kragtens die Grondwet van hierdie staat bevorder en ondersteun is. Dit terwyl hierdie gemeentes tot 1862 verteenwoordig is in die Kaapse Sinode en eers sedert 1864 hulle eie sinodale verband gevorm het (Strauss 2002:126-127). Die moontlikheid van Britse invloed was hier skynbaar geen verhindering of bedreiging vir kerklike of geloofseenheid nie.

Boonop het die Britse bewind na sy tweede oorname van die Kaap in 1806 die bestaande Kerkorde van De Mist vir die NG Kerk sowel as die reëlings vir

die verhouding van die NG Kerk met die Bataafse bewind van 1803-1806 aan die Kaap, gekontinueer en eerbiedig[9].

## 4. DIE VERHOUDING VAN DIE KERK OP DIE TREKPAD MET DIE NED GEREF KERK

Hoewel Erasmus Smit as oud-sendeling van die Londense Sendinggenootskap op 21 Mei 1837 as predikant van die *"reizende"* kerk bevestig is, het baie Trekkers hom om verskeie redes nie as die "permanente" oplossing vir die leraarspos gesien nie. Van tyd tot tyd sou daar versoeke tot die NG Kerk in die Kaap uit Trekkergeledere gerig word om 'n *"bekwamen Leeraar van de Gereformeerde Religie".*

Twee dae voor Smit se bevestiging, op 19 Mei 1837, versprei die Kerkraad, bestaande uit JS Maritz, CH Viljoen en SA Cilliers, 'n lys onder die Emigrante om fondse in te samel vir 'n (ander) leraar en die bou van 'n kerk. In dieselfde tyd, en vyf dae voordat Retief as goewerneur sy bykomende eed sou aflê, gee Goewerneur Piet Retief en Regter-president GM Maritz op 6 Junie 1837 'n brief aan die besoekende Kaapse handelaar Frans Schultz wat hom magtig om 'n predikant vir hulle te werf. Hy kan dit in die Kaapkolonie "of elders" doen, maar die predikant moet *"een goede en bekwamen Gereformeerden Leeraar"* wees (Dreyer 1929:10-12). Die feit dat hierdie twee Trekleiers die brief gee, illustreer dat Retief met sy aandrang dat Smit op 21 Mei as hulle predikant bevestig word, nie 'n permanente reëling beoog het nie.

Hierdie indruk word versterk deur die brief van Andries Pretorius aan ds GWA van der Lingen van die Paarl nog voordat Pretorius as leier van die Trek in Natal sou oorneem. Pretorius skryf op 23 Julie 1838 vanuit Voor Sneeuberg in die omgewing van Graaff-Reinet as hy ds Van der Lingen versoek om aan die *"Laager tans in den Land van Dingaan" "een goede gereformeerde Leeraar*" te voorsien. Die Trekkers wie se (Hugenote) voorouers oor die see vir hulle Christelike geloof gevlug het, wil hierdie geloof behou en het 'n leraar dringend nodig. Pretorius reageer op 'n brief van J Boshoff en *"sijn geselschap"* uit Natal. Hy skryf aan Van der Lingen vir wie hy *"een waare Afrekaan"* noem wat goed op die hoogte is met die rampe en nood wat die Emigrante in Natal beleef ( Dreyer 1929:13-14; Pretorius, Kruger & Beyers 1937:27-28). Op 13 Mei 1839 herhaal Pretorius saam met die Natalse Volksraadslede JJ Burger en JS Maritz hierdie versoek. Die Trekkers is na die Gelofte en Slag by Bloedrivier besig met die bou van 'n kerk en het 'n predikant dringend nodig. Dat die ou en sieklike Erasmus Smit nie die antwoord is nie, blyk uit hulle pleidooi om (nog) 'n leraar wat (ook) vashou aan die *"zuivere*

9 Hierdie reëlings was deel van die Akte van Kapitulasie waardeur die Britte die Kaap in 1806 oorgeneem het (Van der Watt 1976:71).

*oude Hollandsche gerevoormeerde Godsdienst".* Hulle rig die brief aan dr A Faure van Kaapstad en dii T Herold (Stellenbosch), GWA van der Lingen (Paarl) en P Faure (Wynberg) (Dreyer 1929:14-16). Op 7 Maart 1840 word ds PK Albertyn van Prins Albert tevergeefs na Natal beroep (Van der Watt 1977:24).

Hierdie versoeke toon twee duidelike trekke: die Trekkers soek 'n gereformeerde leraar én hulle begin daarvoor by hulle eie kerk, die NG Kerk in die Kaapkolonie. Uit dieselfde kerkverband het hulle vroeër, toe hulle lidmate van NGK-gemeentes in die Kolonie was, predikante beroep. Na jare sonder positiewe reaksie uit die NG Kerk, volhard hulle steeds in hulle versoeke. Hulle bly dus verknog aan hierdie kerk (Van der Watt 1977:24).

'n Positiewe ingesteldheid teenoor die Kaapse NG Kerk blyk ook uit die houding van indiwiduele Trekkers. Van der Watt wys daarop dat die NG Kerk nie deur die Trekkers in die Kolonie agtergelaat is nie, maar saamgeneem is om in die binneland as 'n geestelike band en stuwende krag te dien. Hulle wou nie 'n nuwe kerk stig of van hulle bestaande voorregte in gemeentes afstand doen nie. Daarom het baie van tyd tot tyd na hulle gemeentes in die Kolonie teruggekeer en aanspraak gemaak op hulle lidmaatsvoorregte. So het Sarel Cilliers, na die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838, op 17 Maart 1839 na Colesberg teruggekeer om sy seun Dirk Petrus te laat doop. Vanaf 1840 tot 1845 word 687 mense in Colesberg se doopboek as "*over de Grenze*" en 407 huwelike as "*buiten de Grenze"* aangeteken (Van der Watt 1977:20).

Van der Watt is van oortuiging dat die Trekkers hulle van die Britse gesag in die Kolonie wou losmaak, maar hulle verband met die "Kaapse Kerk" wou behou. Hulle het hierdie kerk ook "oor die grense gedra en nuwe gemeentes georgansieer" (1977:24)**.**

## 5. EVALUERING

Van der Watt se gevolgtrekking klop met wat prinsipieel as die eie aard van die kerk en die die staat gesien kan word. Die uitvloeisel hiervan is dat kerkgrense nie staatsgrense is nie en dat die staat nie die uitbreiding van die kerk met sy swaardmag of wetsdwang mag strem nie. Waar dit in die staat om die fisiese magsmonopolie of swaardmag van die betrokke regering gelei deur sy opvatting van die reg gaan, gaan dit in die kerk om die geestelike houvas van die Heilige Gees deur die Skrif en hulle belydenis op die harte van die betrokke gelowiges. Hierdie houvas werk los van staatsmag en -grense. Daarom dat dieselfde kerk of geloof in meer as een staat aangetref kan word.

Voorbeelde hiervan is die verspreiding van dieselfde godsdiens dwarsoor die wêreld: die Christendom, die Islam ensomeer. Let ook op die algemene

sinodale verband van die NG Kerk wat deesdae gemeentes in Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe en Brittanje in een kerkverband saambind. Die opvatting onder sekere gereformeerdes dat 'n bepaalde kerk tot 'n bepaalde staat beperk word, is daarmee agterhaal. Onder Gereformeerde Kerke is daar ook die neiging om hulself geografies te beperk deur 'n staatsgebied as agtervoegsel by hulle amptelike naam te voeg. Voorbeelde is die "Ned Geref Kerk in Suid-Afrika" wat jarelank vir verwarring tussen die Algemene en Kaapse Sinodes van die NG Kerk gesorg het of die Gereformeerde Kerke *in Nederland* wat nou deur die Protestantse Kerk *in Nederland* vervang is (my kursivering, PJS).

Boonop is 'n kerklike skeiding of skeuring, gereformeerd beskou, in die lig van die Skrif en die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 27-29) slegs toelaatbaar as die bestaande kerk – wat oor staatsgrense heen mag strek – in breë terme 'n valse kerk geword het. Dit beteken dat hierdie kerk sover van die kernwaarhede van die Skrif soos verwoord in sy belydenisse af is, dat reformasie of 'n terugkeer na die kernwaarhede vir en deur hom tans net nie meer moontlik is nie. 'n Skeuring of skeiding oor kerklike randsake soos die moontlike[10] politieke invloed van 'n sekere staatsregering op die kerk, maak egter van kerklike randsake kernsake. Dan neig kerklike optrede na sektarisme.

Boonop gaan 'n onttrekking van 'n kerkverband altyd gepaard met redes wat die verband as 'n voorbeeld van eenheid of 'n kerklike struktuur vernietig. Al gebruik die betrokkenes begrippe soos "selfstandig", "onafhanklik" en "nie-eiesoortige" kerkvorming. Kerklike selfstandigheid of onafhanklikheid van 'n ander verband beteken in praktyk 'n ander kerkverband of kerk. Daarom kon die kerk in Transvaal sonder die toestemming van die res van die Ned Geref Kerk inval by die naam "Nederduitsch-Hervormde Kerk" wat in artikel 20 van die 1855-grondwet van die ZAR tot staatskerk verklaar is (Dreyer 1999:122). Behalwe dat die staat hierdie kerk se grense bepaal het, het dit nou ook via die grondwet van die ZAR sy naam bepaal. Dié kerk het "selfstandig" weggeskram van die NG Kerk in Suid-Afrika, maar as grondwetlik verskansde staatskerk sy kerklike selfstandigheid aan die staat of die ZAR prysgegee! In die lig hiervan is Storm se argument nie verdedigbaar nie.

Die *"Handelingen van de Algemeene Kerkvergadering der Nederduitsch Gereformeerde Gemeenten in de Zuid-Afrikaansche Republiek"* van 9

10 Nêrens het iemand nog die negatiewe kerklike effek van die Britse inspraak in die sake van die "NG Kerk in Suid-Afrika" in die 19e eeu met vers en kapittel aangetoon nie. Selfs die herderlike brief van die Sinode van 1837 met sy negatiewe kyk op die Groot Trek was kerklik gesproke 'n vrywillige skuif. Daarby het die pogings van Goewerneur lord Charles Somerset (1814-1826) en kie om die "NG Kerk in Suid-Afrika" te verengels, op soveel "vrywillige" of vrye kerklike weerstand gestuit, dat dit eventueel gesneuwel het (Van der Watt 1980:3-15).

Augustus 1853 op "*rus tin burg*" bevat die besluit wat tot die sogenaamde onafhanklikheid of selfstandigheid van die kerk in Transvaal aanleiding gegee het. Volgens die notule van ds Dirk van der Hoff is die besluit eventueel eenparig geneem. Die groot beweegrede of *"hoofdleus"* hiervoor was: *"burgelijk vrij en onafhanklijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke."* Die kerk in Transvaal wil hulle sake self bestuur en nie aan die Kaapse Sinode ondergeskik wees nie.

Twee redes word aan hierdie afskeidingsbesluit (van die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika) gekoppel. Eerstens beweer die Algemene Kerkvergadering dat die belofte van die Kaapse Deputasie van Mei 1852 om die kerk in Transvaal deur bemiddeling van die Kaapse Sinode van predikante te voorsien, nie nagekom is nie. Tweedens word aangevoer dat die Transvalers nie onder die kerklike wette van die Kaapse Sinode wil staan nie (Gerdener 1930:208).

Wat hierdie redes twyfelagtig maak, is die feit dat ds Dirk van der Hoff in Transvaal aangekom het en beroepbaar was nadat hy in November 1852 deur dr Abraham Faure, die NGK-aktuarius in die Kaap, gelegitimeer is. Boonop sou die Transvalers die Kaapse Wette en Bepalinge gebruik as die basis vir hulle eie (Van der Watt 1977:69).

Die argumente geopper in die debat op die vergadering, soos weergegee in die notule, verhoog die twyfelagtigheid van hierdie beweegredes. Volgens sommige wil hulle nie onder die Kaapse Sinode staan nie, omdat Christus hulle enigste Hoof is. Die Kaapse Sinode met sy afgevaardigdes uit gemeentes het egter op presies dieselfde wyse besluite geneem as die Algemene Kerkvergadering met sy afgevaardigdes uit gemeentes!

Daarby kon hulle uit die gereformeerde Kerkreg geweet het dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie en hulle ook nie mag besighou met die sake van mindere vergaderings nie. Die Kaapse Sinode sou dus nie sommer in die sake van die Transvaalse gemeentes ingryp nie (Strauss 2005:293vv).

Bowendien was die NGK-gemeentes in die onafhanklike (los van Brittanje) Oranje-Vrystaat vir agt jaar lank – tot 1862 – deel van die Kaapse Sinode, totdat 'n hofbeslissing wat kerkgrense aan staatsgrense koppel, dit onmoontlik gemaak het (Van der Watt 1973:127vv).

Die notule is reg dat die*"hoofdleus"* vir die besluit van die Algemene Kerkvergadering oor inskakeling by die Kaapse Sinode die eintlike rede daarvoor was. Dit was egter verkeerd om kerklike vryheid, selfstandigheid en onafhanklikheid aan burgerlike vryheid te koppel. Die kerk moenie die staat vir sy ideale kerklike vryheid navolg nie, maar die Woord en die implikasies daarvan vir 'n kerklike lewe van gehoorsaamheid aan God. Ek glo dat die gemeentes wat buite die Transvaal in die Vrystaat en Natal op die Groot

Trek gevolg het, hulle inskakeling by die Kaapse Sinode nie as 'n verlies van kerklike vryheid beskou het nie. Vir hulle was dit voortgesette gehoorsaamheid aan God en 'n uitvloeisel van die belydenis van die een, heilige, algemene Christelike kerk.

Die "natuurlike" inskakeling van gemeentes buite die Transvaal wat uit die Groot Trek kom, by die Kaapse Sinode vanaf 1852, maak dit hoogs onwaarskynlik dat die kerk op die trekpad nie die Ned Geref Kerk was nie. Dit was nie die Trek nie, maar die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 1853 in Rustenburg wat sou lei tot die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as 'n aparte kerk.

## BIBLIOGRAFIE

Du Bruyn, J.T.

1986. Die Groot Trek. In: T. Cameron (red). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. (Kaapstad: Human en Rousseau), pp. 1127-1139.

Dreyer, A.

1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Amptelike en ander stukke versamel en uitgegee*. Kaapstad: Van de Sandt De Villiers.

1936. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Kaapstad: Jaarboekkommissie NG Kerk.

Dreyer, W.A.

1999. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Die eerste 250 jaar 1652-1902. Pretoria: Kital.

Gerdener, G.B.A.

1930. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

s.a. *Agenda 69e Algemene Kerkvergadering.* Sl:sn.

Oberholster, J.J., Van Schoor, M.C.E. & Maree, A.J.H.

1954. *Gedenkalbum van die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein: Sentrale Komitee Vrystaatse eeufees.

Pienaar, S.W.

1964. *Glo in u volk. DF Malan as redenaar 1908-1954.* Kaapstad: Tafelberg.

Preller, G.S.

1920. *Voortrekkermense II. 'n Drietal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek* (waaronder 'n verwerking van die Dagboek van Erasmus Smit). Kaapstad: De Nationale Pers.

PRETORIUS, H.S., KRUGER, D.W. & BEYERS, C.
1937. *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*. Pretoria: Staatsdrukkery.

PONT, A.D.
1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg II.* Pretoria: Kital.

STORM, J.M.G.
1989. *Die Voortrekkerkerk 1836-1853.* Pretoria: Kital.

STRAUSS, P.J.
1994. The Boer emigrants and their church. In: J.W. Hofmeyr & G.J. Pillay (eds.) *A History of Christianity in South Africa. I.* (Pretoria: HAUM), pp. 93-122.

2001. Nogeens: Die agtergrond, inhoud en implikasies van die Gelofte van 1838. *Hervormde Teologiese Studies* 57(3 & 4):814-834.

2002. Die Vrystaatse Sinode "uit den boesem der Gemeenten". In: G. Hofmeyr (red). *NG Kerk 350.* (Wellington: Lux Verbi), pp.126-127.

2005. Watter sake hoort by meerdere vergaderings? *In die Skriflig* 39(2):293-310.

VAN DER WATT, P.B.
1973. *Die Loedolffsaak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*. Kaapstad: Tafelberg.

1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

1977. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Groot Trek | Great Trek |
| Ned Geref Kerk | Dutch Reformed church |
| Kerkgeskiedenis | Church history |